

Gereformeerde Kerk Vanderbijlpark – Trinitas

2020-01-26

Ek glo – Jesus Christus is my enigste Here en belofte van ewige vrede

Inleiding

- Ons bely saam wie Jesus is en wat Hy doen.
 - Jesus Christus is die kern van die christelike geloof.
 - As ons nie Christus bely nie, dan leef ons 'n leuen wanneer ons onself christene noem.
- Daarom is dit so belangrik dat ons duidelik verstaan wat dit beteken wanneer Jesus deel vorm van ons belydenis.
- In Jesaja 9 lees ons een van die bekendste gedeeltes wat profeteer oor die verwagte koms van Jesus Christus.
 - Ons moet duidelik onderskei tussen profesie en voorspel.
 - Wanneer ons voorspel beteken dit dat daar 'n kans is.
 - As ons die koms van die Messias voorspel, dan sê ons dat daar 'n kans is.
 - Soos wat die weerburo vir ons sê dat daar 'n kans is vir reën.
 - Wanneer dit egter geprofeteer word kom dit daarop neer – So sê die Here.
 - Daar sal 'n Messias kom, maar nie net 'n Messias nie, maar **dié** Messias.
 - So word ons verseker, versterk en bemoedig dat Jesus Christus ons enigste Here is, en daarom is Hy vir ons die belofte van die ewige lewe.
 - Jesus is Christus – Daarom glo ek
 - Jesus is die eniggebore Seun van God – Daarom glo ek
 - Jesus is my Here – Daarom glo ek

Jesus is Christus – Daarom glo ek

- Jesus was 'n algemene naam gewees in die tyd toe Hy gebore is.
 - Die naam – Jesus – beteken Jahweh verlos.
 - Die God van die verbond verlos.
- In die Ou testament sien ons ook voorbeelde van hierdie naam.
 - Bekende voorbeelde is Joshua wat vir Moses opgevolg het.

- Jesua wat gehelp het dat die volk kan terugtrek nadat hulle teruggekom het uit die ballingskap.
 - Beide hierdie manne het iets daarvan gewys dat God verlos.
 - Maar wanneer Jesus mens word en Jesus genoem word, word daar duidelik gewys dat God werklik verlos, nie net fisiese en politieke uitkoms nie, maar geestelike verlossing, wat ons verlos van die dood en die sonde.
- Daarom word Jesus nie net die naam gegee dat God verlos nie, maar word dit ook vir ons bevestig in die werk van Jesus.
 - Hy verlos ons werklik.
 - Hy verlos ons van die dood.
 - Hy verlos ons van die sonde.
 - Hy verlos ons van die sterflikheid van hierdie lewe.
- Wanneer ons egter besef dat sy naam Jesus is, nie net as naam nie, maar as sy werk en sy status, word ons as mens gekonfronteer met die feit dat ons dit nodig gemaak het dat Jesus moes kom.
 - Die naam Jesus moet vir die mens vernederend wees.
 - Die naam konfronteer ons met ons eie ellende in die sonde.
 - Maar die naam Jesus verseker ons dat daar hoop is.
 - Luk. 19:10 verseker ons van die hoop wat daar in Jesus opgesluit is.
 - *Die Seun van die mens het immers gekom om te soek en te red wat verlore is.*
 - Daarom moet ons besef dat Jesus die verlosser na die aarde toe gekom het om ons te verlos.
- As die wonderbare Raadsman waarvan Jesaja profeteer kom Hy na die wêreld toe juis om dit vir ons duidelik te maak.
 - Hy word nie net raadsman genoem nie, maar wonderbare raadsman.
 - Spesifiek sodat ons die grootheid en die heerlikheid van Christus kan sien.
 - Jesus Christus is groter en beter en meer wonderbaar as al die wonders waarvan ons lees in die Bybel.
 - Hy ken al die geheime van die Vader.
 - Daarom word Hy Raadsman genoem.
 - Hy besit alle wysheid.
 - Hierdie wysheid is 'n absolute en objektiewe wysheid, wat nie deur die wêreld verstaan kan word nie.
 - As wonderbare Raadsman kan hierdie verlosser ons met die wysheid toerus om werklik alles te verstaan wat nodig is vir ons om verlos te word.

- Daar is buite Jesus geen verlossing nie.
 - Hy is nie net ons verlosser nie, maar ook die enigste verlosser.
 - Daar is geen, maar geen ander manier van verlossing nie.
 - Die oomblik wat jy iets anders wil bysit om jou verlossing te bewerk, dan mis jy die hele punt van die evangelie.
 - Jou werke, jou geld, jou status, ander mense kan niks bydra tot jou verlossing nie.
 - Net Jesus, en niemand anders nie, kan jou volkome verlos.
 - Daarom beklemtoon Jesus hierdie feit in Johannes 14:6
 - *Ek is die weg en die waarheid en die lewe. **Niemand** kom na die Vader toe, behalwe deur my nie.*
 - Hand. 4:12
 - *Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.*

Jesus is die eniggebore Seun van God – Daarom glo ek

- Daarom word Jesus in Jesaja 9 ook magtige God genoem.
 - Soos met die naam Jesus, word Hy dit genoem omdat dit is wie Hy is en wat Hy doen.
 - Jesus se Godheid word hierdeur sterk beklemtoon.
 - Hy is nie 'n skepsel nie.
 - Hy is God.
 - Voor alle tye en tot in alle tye.
- Magtige God is 'n eienaam wat gebruik word om die Godheid van Jesus uit te wys, maar ook om die lesers se gedagtes daarop te rig dat Jesus nie 'n ander God is nie.
 - Hy is die een en enigste God wat daar is.
 - Daar is geen ander God nie.
 - As magtige God word die majesteit en koningskap van God op 'n kragtige wyse uitgewys.
 - Wanneer Jesus dan ook genoem word Immanuel, wys dit nie net op die feit dat Jesus mens geword het nie, maar dat Hy nie afstand gedoen het van sy Godheid nie.
 - Hy was sy hele lewe op aarde nie net mens nie, maar steeds Magtige God.
- In hierdie magtigheid het Jesus enduit die stryd gestry teen die bose.
 - En Hy het die oorwinning behaal.
 - Hy het opgestaan uit die dood uit.

- Wanneer ons erken dat Jesus die stryd stry, beteken dit dat Jesus my en jou elke oomblik van elke dag ook bewaar en beskerm.
 - Hy verdedig ons teen die bose.
- Hy doen dit omdat Hy die eniggebore Seun van God is.
 - Tog noem Paulus ons in Rom. 8 ook erfgename van God.
 - Hoe is daar dan 'n verwantskap tussen ons en Jesus?
 - Daar is een belangrike verskil tussen ons en Jesus wanneer dit kom by die gedagte dat ons almal kinders van God is.
 - Ons is aangeneem deur die groot genade van God.
 - Ons wat geestelik wees en ouerloos was, word nou deur God aangeneem om ook sy kinders genoem te word.
 - Waar Jesus aan die anderkant die enigste een is wat uit God gebore is.
 - Hy is die enigste natuurlike kind van God.
 - En hoewel daar hierdie verskil is, is daar ook 'n belangrike ooreenkoms.
 - Ons is almal kinders van God waarvan Christus die eerste is.
 - Hy is die belangrikste van al die kinders van God, want Hyself is God.
- Omdat Hy die eniggebore Seun van God is, omdat Hyself God is, is Hy dan ook die Ewige Vader waarvan Jesaja 9 praat.
 - Hy is tydloos, Hy is ruimteloos.
 - Hier word ons herinner dat ons Jesus nie moet inperk net tot sy menslike toestand wanneer Hy na die aarde toe kom nie.
 - Hy is self nie net ewig nie, maar Hy is die een wat ewigheid geskep het en self ook vir ons die ewige lewe gee.
 - Hy heers in die ewigheid, maar ook oor die ewigheid.
 - Hierdie heerskappy van Christus is ons troos en versekering dat ons deel sal hê in die ewige lewe.
 - Daarom is ons hoop en geloof opgesluit in die feit dat God die Seun ook terselfdetyd God die Vader is.
 - Hiermee word ons herinner dat ons nie stilstaan by Jesus net as die babatjie in die krip, of die man wat ly aan die kruis nie, maar die opgestane Jesus Christus wat opgevaar het na die hemel.
 - Dit verseker ons Jesus is my Here – daarom glo ek.

Jesus is my Here – Daarom glo ek

- Die woord wat gebruik word om Jesus te beskryf as Here, word gebruik vir baie ander politieke leiers, konings en keisers en ander mense van aansien.
 - Maar niemand anders is hierdie titel meer waardig as Jesus Christus, die eerste wat uit die dood uit opgestaan het nie.
 - As Jesus aangespreek word as Here, is dit 'n uitroep van verheerliking.
 - Dit is 'n oorwinningskreet wat uitgeskree word omdat Christus as koning die oorwinning behaal het.
- Daarom word Hy in Jesaja beskryf as Vredevors.
 - Hierdie woord bestaan uit twee uiteenlopende terme.
 - Vrede en vors.
 - Die vredevors beskryf Jesus Christus as die prins van vrede.
 - Vrede in die sin wat dit dikwels gebruik word in verhouding tot God, beskryf vir ons volmaakte geluk.
 - Hierdie vrede is die grootste gawe wat ons uit die genadige hand van God ontvang.
 - Hierdie vrede is innerlike vrede waarmee die Here ons ook seën soos wat ons hoor en ontvang uit Numeri 6.
 - As vredevors het Jesus gekom om vir ons hierdie vrede te kry en ook te gee.
 - Dit bevestig Paulus in Romeine 5:1
 - *God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons Jesus Christus.*
 - Vrede tussen ons en God beteken dat God se straf en toorn nie meer op ons rus nie.
 - Ons is vrygemaak.
 - Die las van die sonde en die dood en die hel is van ons skouers afgegooi.
 - Daarom kry ons nou die vrede wat ons verstand te bowe gaan soos wat Paulus dit ook beskryf in Fil. 4:7.
 - Hierdie vrede bevestig die geloof in Jesus Christus.
 - Maar hierdie vrede versterk ons in die stryd teen die Satan en die hel en die dood.
 - Hierdie vrede kry ons omdat ons Here dit vir ons wil gee.
 - En dit is die persoonlike karakter van die belydenis wat so duidelik na vore kom.

- Ons bely spesifiek Jesus Christus, **ons** Here.
 - Hierdie Here, hierdie wonderbare Raadsman, hierdie magtige God, hierdie ewige Vader is jou Here.
- Dit beteken dat jy met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan jouself nie, maar aan Jesus Christus behoort.
 - Jy behoort aan die Here.
 - Jy is sy eiendom.
 - Jy is nie sy eiendom as 'n slaaf wat mishandel word nie, maar as 'n kosbare besitting wat vir Hom kosbaar en belangrik is.
 - As eiendom van die Here word jy daaglik beskerm en bewaar.
 - Jy is eiendom van die Here, want Hy het jou losgekoop van die dood en die sonde.
 - Hy het jou sy eiendom gemaak.
 - En niks kan jou wegruk hiervan nie.
- Die titel – Here – maak Christus aan ons bekend in sy volkome heerlikheid.
 - In Matt. 28 lees ons dat Jesus Christus die Here alle mag in die hemel en op die aarde het en daarom stuur Hy ook sy dissipels.
 - Daarom is dit ons opdrag as die kerk om die feit te verkondig dat Jesus die opgestane Here is.
 - As jy dan nie weet wat om vir mense te sê nie – sê dit:
 - Jesus Christus is die opgestane Here.
 - Dit is die fondament van die goeie nuus.
 - As dit nie waar is nie, dan is die evangelie droewige nuus wat uitloop op die dood.
 - Maar Jesus Christus is die Here.
 - Hy het opgestaan uit die dood.
 - Om dit te kan bely is net deur die werk van die Heilige Gees.
 - Dit word vir ons duidelik gemaak in 1 Kor. 12:3
 - *Niemand kan sê “Jesus is die Here” nie, behalwe deur die Heilige Gees.*
- Wanneer ek bely dat Jesus Christus die eniggebore Seun is, dan bely ek dat Jesus in verhouding staan tot die Vader.
 - Wanneer ek bely dat Jesus Christus ons Here is, dan bely ek dat ek in verhouding met Christus staan en Hy met my.
 - Daarom verseker Rom. 14:8 ons met die wonderlike woord:
 - *As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*

Slot:

- Die profesie van Jesaja 9 is ongeveer 2700 jaar gelede geskryf.
 - 700 jaar voor die geboorte van Jesus.
 - En tot op die letter is hierdie profesie vervul.
 - Jesus Christus is die wonderbare raadsman, magtige God, ewige Vader en vredevoers.
 - Hy is niks minder as dit nie.
 - Vir baie van hierdie eerste hoorders vir wie Jesaja geskryf het, was hierdie profesie 'n belofte dat iemand hulle gaan lei uit die ballingskap uit, maar Jesus Christus is soveel meer as dit.
 - Hy is nie 'n aardse koning wat met strydwaens kom nie.
- Hy is die ewige God wat ons losgekoop het en deur Sy gees tot nuwe mense gemaak het.
 - Daarom leef ons as mense wat nuut is.
- Ons bely: Ek glo in Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, ons Here.
 - As jy vanoggend hier sit en jy glo dit opreg, leef so.
 - Laat jou hele lewe oorloop daarvan en verkondig dit aan almal.
 - Laat jou lewe 'n lewende belydenis word van Jesus Christus.
 - As jy vanoggend hier sit en jy glo dit nie – klim van jou troon af.
 - Besef dat jy 'n verlosser nodig het.
 - Besef dat jy dit nie self kan doen nie.
 - Bid dat die Gees werklik jou hart sal verander dat jy nederig voor die Koning van alle tye sal kniel.
 - Want dieselfde koning wat vrede en voorspoed bring vir die wat weet hoe afhanklik van Hom is, is dieselfde koning wat terugkom om Sy oordeel te volbring.
 - Vir die wat glo lê daar die vreugde van die ewige lewe voor gevul met vrede, maar vir elkeen wat hardnekkig hierdie goeie nuus verwerp, sal daar geen vreugde, voorspoed of geluk wees nie.
 - Mag God ons deur Sy genade lei om ons verlossing nêrens anders te soek as voor die troon van Christus nie, want sy koningskap sal wees tot in ewigheid.